NHKA
NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA
blitspos
Jaargang 15 – Uitgawe 5
3 Maart 2022

## Die vrede van God wat alle begrip oortref

Om *Blitspos* te ontvang, stuur 'n e-pos na bladuitleg@nhk.co.za of grafies@nhk.co.za en versoek dat u naam op die versendingslys geplaas word

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan produksie@nhk.co.za

Webblad van die Hervormde Kerk www.nhka.org

Die redaksie aanvaar verantwoordelikheid vir die inhoud. Menings deur skrywers uitgespreek, is egter nie noodwendig die beleid of standpunt van die Hervormde Kerk nie.

**Dis oorlog! Donderdag 24 Februarie val Rusland Oekraïne binne. Dis 'n skrikwekkende gebeurtenis vir die inwoners van Oekraïne, verskriklik vir die res van die wêreld. Vir die eerste maal na die Tweede Wêreldoorlog het een van die wêreld se supermoondhede 'n Europese buurland binnegeval. Duisende mense – burgerlikes en soldate – is reeds gedood of dakloos gelaat. Emmanuel Macron, president van Frankryk, beskryf hierdie gebeurtenis as 'n *draaipunt* in die Europese geskiedenis.**

Vir my was dit aanvanklik bloot 'n nuusgebeurtenis. My grootste belang daarby was om debatte te volg oor die spelling van die leier van Rusland se naam. Hoekom is dit Vladimir Putin in Engels, maar Wladimir Poetin in Afrikaans? Hierdie oorlog is mos ver! Die enigste wyse waarop dit ons gaan raak, is dat ons waarskynlik meer vir ons brandstof gaan betaal. Of so het ek gedink.

Sondagaand vra ek vir 'n student hoe dit met hom gaan. Sy antwoord: *Dit gaan seker goed, maar Dominee, ek is regtig bang. Ek is bang vir die Oorlog. My sussie en haar huisgesin bly in Duitsland. Ons is baie bekommerd oor hul veiligheid.* Toe besef ek hierdie oorlog is baie nader aan ons as wat ek besef het – ons families is oor die wêreld versprei. Hul vrese is ons vrese.

Dis wanneer hierdie skrikwekkende werklikhede op ons voorstoep is, dat ons sukkel met woorde soos dié in Filippense 4: 6-7 (AFR2020): *Moet oor niks bekommerd wees nie, maar maak in alles julle versoeke deur gebed en smeking met danksegging aan God bekend. En die vrede van God, wat alle begrip oortref, sal in Christus Jesus oor julle harte en gedagtes waak.* Hoe beleef 'n mens vrede as daar oorlog is? Hoe is 'n mens oor niks bekommerd nie as daar so baie is om jou oor te bekommer?

Wat is vrede? Die HAT het twee definisies van *vrede*: *die afwesigheid van oorlog of konflik* of *'n innerlike gevoel van rus en kalmte*. Is dit moontlik om waarlik God se vrede te ervaar en daarin te lewe te midde van ons eie vrese? Ons omstandighede, onsekerheid en twyfel skep voortdurend konflik in ons binnestes. Tog het God se vrede in die eerste plek nie met ons uiterlike omstandighede te doen nie. God se vrede gaan oor ons verhouding met God en ons houding teenoor die lewe vanuit ons verhouding met God.

Dalk roep hierdie onstuimige omstandighede waarin ons ons nou bevind, ons as Christene, as kerk, op om boodskappers van God se vrede en liefde te wees. Om Jesus se hande en voete, sy mond te wees. Om vreugde te bring waar daar droefheid is, om blydskap te bring waar daar hartseer is, om dié wat moedeloos is op te beur, om hoop te praat waar daar hopeloosheid is. Ons maak vrede met die mense rondom ons! Nie aardse vrede wat gekoppel is aan voorwaardes nie – God se onvoorwaardelike vrede. Ons bid met danksegging vir ons families en vir diegene wat in 'n angswekkende oorlog gewikkel is.

Mag God ons elkeen in hierdie onstuimige tyd, in ons bangwees en baie vrae, opnuut ontmoet. En dan: *...alles wat waar is, alles wat eerbaar is, alles wat reg is, alles wat rein is, alles wat lieflik is, alles wat lof verdien, ja, watter deug of watter prysenswaardige saak daar ook mag wees: rig julle gedagtes daarop* (Fil 4: 8).

**Dr Sanrie de Beer, Philadelphia**

## Lief en leed

- **Oudl Ben Greyling** van Waterval Boven is op 9 Februarie oorlede. Ds Maritza Oosthuizen sê oom Ben was nie net 'n man wat sy roeping as ouderling ernstig opgeneem het nie, maar ook soos 'n pa en oupa vir baie. Hy het diep spore in die gemeente en die gemeenskap getrap. Hy was ernstig oor sy geloof, hy het respek gehad vir sy Skepper, en hy het die Here liefgehad. Ons bid mev Lina Greyling en hul familie die Heer se troos toe.

- Dr AC (Carel) Botma van Bothaville se moeder, **mev Poppie Botma** (83), is ernstig siek met kanker. Ons bid haar en haar familie die Heer se bystand toe in hierdie hartseer tyd.



Prof Jerry Pillay

- **Prof Jerry Pillay** is heraangestel as dekaan van UP se Fakulteit Teologie en Religie vir nog 'n tydperk van vier jaar, van 1 Maart 2022 tot 28 Februarie 2026.

- **Die volgende predikante verjaar tot 11 Maart, en word hartlik geluk gewens:**

  - Vrydag 4 Maart: Ds JLJ (Johan) Smit (69) (emeritus)
  - Sondag 6 Maart: Di M (Mariaan) Delport (43) (Erasmia) en WM (Elmien) Shaw (32) (Swartkop)
  - Maandag 7 Maart: Drr AC (Carel) Botma (58) (Bothaville) en DJ (Deon) du Toit (49) (beroepafwagtend)
  - Woensdag 9 Maart: Di JJH (Koos) Engelbrecht (72) (emeritus) en LJ (Louw) van der Linde (53) (Evander)
  - Donderdag 10 Maart: Ds TF (Thomas) Dreyer (46) (Wapadrant)

## Gemeentes en bediening



Ds Stephan Botha

- **Ds GS (Stephan) Botha** (Groot Marico) het die beroep na Rustenburg-Suid aanvaar. Hy word op 3 April daar bevestig.

- **Gemeente Potchefstroom** is op 26 en 27 Maart 1842 met die eerste kerkvieringe in Potchefstroom deur ds Daniël Lindley gestig. Die gemeente vier op **Sondag 13 Maart 2022** haar **180ste bestaansjaar**. Daar sal 'n dankdiens gehou word om 11:00, waarna **dr Rudy Denton** namens die ring gelukwense sal oordra. **Prof Wim Dreyer** sal namens die Kommissie van die AKV gelukwense oordra en 'n historiese oorsig gee oor die konteks waarbinne die gemeente ontstaan het. Almal teenwoordig word genooi om na die verrigtinge in die kerkgebou saam 'n ete in die saal te kom geniet. Belangstellendes kan ds Willem Kok by 083 664 0058 skakel.

- **Gemeente Newlands (Johannesburg)** beskik oor 'n **vakante orrelistepos** en is op soek na die dienste van 'n dinamiese orrelis. Die gemeente se orrel is 'n uitstekende instrument – om die orrel in aksie te sien, volg gerus hierdie skakel:
  **https://www.facebook.com/NHKNewlands123/videos/297136898270144**

  Bo en behalwe orrelspel tydens eredienste, sal ook van die persoon verwag word om 'n wesenlike impak en 'n skeppende bydrae te lewer tot uitbreiding van die gemeente se musiekbediening. VONKK-liedere is baie geliefd in die gemeente.

  Aansoeke, vergesel van 'n verkorte CV, moet gerig word aan die skriba, Paul Jansen, by **newlandsgemeente.skriba@gmail.com**.

- **Gemeente Wonderboom (Pretoria)** beskik oor 'n **vakante kosterpos**. Die pligte behels onder andere diens by begrafnisse en gemeentefunksies, asook toesig oor die tuinwerker en skoonmaker. Die kandidaat moet verkieslik naby die gemeente woon. Belangstellendes kan die skriba, Pieter Mulder, kontak by 066 302 2768. **Die sluitingsdatum vir aansoeke is 31 Maart 2022.**

- **Gemeente Meyerton** se telefoonnommer (voorheen 016 362 1207) het verander. Die nuwe nommer is 016 110 0147.

- Die beoogde **datums en plekke vir vanjaar se ringsvergaderings** verander steeds! Die vergadering van **Bothaville** sal virtueel plaasvind op 25 en 26 April vanaf 19:00; die opening van die sitting sal Sondag 24 April op Facebook beskikbaar wees. Die ringe van **Heidelberg en Trichardtsfontein** vergader op 4 Maart om 10:00 in Secunda, en die ring van **Chrissiesmeer** op 7 Mei in Breyten. **Klerksdorp** vergader op 15 Mei om 12:00 in Stilfontein-Wes, en **Maquassi** op 23 April in Leeudoringstad. **Noord-Kaapland** vergader op 23 April om 09:00 by Gemeente Vaalharts op Hartswater; geen Zoom sal beskikbaar wees nie. Die ring van **Krokodilrivier** vergader steeds op 9 Mei, maar nou by Hartebeestpoort.

- Die VONKK-Opedag het op 26 Februarie plaasgevind. **40 VONKK-liedere** wat handel oor die geboorte, lewe, sterwe en opstanding van Jesus, is tydens die geleentheid beskikbaar gestel. Die geleentheid het in vyf sessies plaasgevind en vir almal wat nie die geleentheid in persoon kon bywoon nie, is die sessies nou op **YouTube** beskikbaar by die volgende skakels:

    - SESSIE 1: ADVENT- EN KERSLIEDERE
      **https://www.youtube.com/watch?v=OPIjZNnKzrl**
    - SESSIE 2: PALMSONDAG EN LYDENSTYD
      **https://www.youtube.com/watch?v=M2ETtLRdBb0**
    - SESSIE 3: OPSTANDING
      **https://www.youtube.com/watch?v=y7-iiVsMwz0**
    - SESSIE 4: HEMELVAART EN KERK VAN CHRISTUS
      **https://www.youtube.com/watch?v=nT9__YeCLDc**
    - SESSIE 5: WEDERKOMS EN GELOOFSBELYDENIS
      **https://www.youtube.com/watch?v=FPK_kd326bo**



- Die NHKA se **SP Engelbrecht-museum** is die grootste kerkmuseum in Suid-Afrika en is geleë in Pretoria, naby die Eugene Marais-hospitaal in Eloffsdal. Belangstellendes kan die Museum soggens of naweke per afspraak besoek. Die **toegangsfooie** is R40 per persoon vir groepe minder as tien. Tien of meer in 'n groep betaal R30 per persoon. Seniorlidmaatgroepe en kategesegroepe is gewilde besoekers. Daar is ook 'n afdak beskikbaar vir 'n "piekniekete". Skakel **ds Johann de Bruin** gerus by 082 733 3951.

## Vergaderings

- Dinsdag 8 Maart: Bestuurskomitee
- Donderdag 10 Maart: Kommissie van die AKV<br>Redaksie van *Die Hervormer*
- Vrydag 11 Maart: Kommissie van die AKV

## Bybels vir Oekraïne: Hoop te midde van oorlog

*Ons sien so baie mense wat vrees- en paniekbevange is deur die nimmereindigende stroom van slegte nuus. Tog bly ons, saam met ons kerke, vol vertroue dat God se Woord vertroosting, vrede en versoening kan bring,* sê ds Oleksandr Babiychuk, hoofsekretaris van die **Oekraïnse Bybelgenootskap**. Hy vra verder hulp sodat die Oekraïnse Bybelgenootskap in die groot geestelike behoefte wat tans in hierdie land heers, kan voorsien. *Inwoners benodig die Bybel in hierdie tyd van vrees te midde van konstante oorlogsaktiwiteite en onsekerheid*.

Ds Babiychuk vertel ook van die hartverskeurende oomblik toe 'n pastoor van Sentraal-Oekraïne nie enige Bybels van die Bybelgenootskap kon bekom nie. *Selfs met ontbrekende bladsye of beskadig, sou hierdie Bybels van groot waarde wees vir die mense van my gemeente*.

Sedert die uitbreek van die oorlog was daar ook talle oproepe om gebed. *Ek is pastoor Khramov wat in die stad Kharkiv werk. Ons vra almal om asseblief vir ons te bid. Bid dat lewens gespaar word en dat daar ook in die geestelike en fisiese behoeftes van die mense voorsien sal word.*

Met die oorlog wat naby die Bybelhuis in Kiëf woed, soek baie mense skuiling by ondergrondse stasies in Kharkiv en Kiëf. *Ons span is veilig, daar is geen paniek nie, maar ons vertrou op God en dink aan maniere hoe ons die inwoners met die Woord van God kan ondersteun,* het ds Babiychuk gesê.

*Die Bybelgenootskap van Suid-Afrika wil die Oekraïnse Bybelgenootskap bystaan om, te midde van ongekende belangstelling in die Bybel, die Woord beskikbaar te stel aan die inwoners van Oekraïne. Hulle wil veral uitreik na die weermag en hul gesinne, mense wat naby die voorste linies woon en diegene wie se harte deur vrees en verliese aangegryp word. Ons bid ook vir die Russiese Bybelgenootskap wat in hierdie onstuimige tyd in die behoeftes van hul eie mense moet voorsien,* sê ds Dirk Gevers, uitvoerende hoof van die **Bybelgenootskap van Suid-Afrika (BSA)** en ook ondervoorsitter van die Wêreldraad van die Wêreldbond van Bybelgenootskappe.

Beide die Bybelgenootskappe in Oekraïne en Rusland is deel van die Wêreldbond van Bybelgenootskappe, 'n wêreldwye netwerk van Bybelgenootskappe wat in meer as 240 lande en gebiede werk en wat sorg dat elkeen toegang tot die Bybel het.

Kom vat biddend hande met die BSA om vrede, moed en vertroosting aan die mense van Oekraïne en Rusland te bring. Help asseblief om die Oekraïnse Bybelgenootskap se projek, *Hoop te midde van vrees: Bybels vir Oekraïne*, finansieel te ondersteun. Besoek ons webwerf, **www.bybelgenootskap.co.za**, vir bankbesonderhede en ander betaalopsies.

Vir meer inligting, kontak dr Francois Sieberhagen, hoof van kommunikasie en bemarking, by **sieberhagen@biblesociety.co.za,** 021 910 8705 of 083 389 0708.

## Studentesake

- Die **opening van die Hervormde Teologiese Kollege (HTK)** vind op **Vrydag 4 Maart 2022 om 15:00** by **Gemeente Philadelphia** plaas. Dit lei ook die HTK-kontaknaweek vir studente in wat Saterdag en Sondag plaasvind. Die program vir Vrydagmiddag sien soos volg daar uit:

    - 10:00: Fakulteitsopening in Rautenbachsaal vir studente en belangstellendes (verversings word na die tyd bedien)
    - 15:00: Philadelphia – verwelkoming
    - 15:15: Skrifbeskouing – prof Wim Dreyer
    - 16:15: Boodskap namens Kuratorium – dr Rudy Denton
    - 16:30: Skaapbraai (alles word voorsien)

    Almal is welkom en belangstellendes wat **Vrydagmiddag** se kuier wil bywoon, moet net by mev Clarika Hattingh **bevestig**, by **clarikah@nhk.co.za**.

- **Studentebehuising vir 2022. Gemeente Philadelphia** verskaf aan studente veilige behuising by Fleur de Lis op die kerkterrein. Dit bestaan uit enkelkamers met gedeelde fasiliteite. Die behuising is binne stapafstand van die kampus en winkelsentrums. Skakel dr Sanrie de Beer by 083 226 1866 of stuur 'n e-pos na **nhkphiladelphia@gmail.com** vir meer inligting.


NHKA | Die Hervormer
Is daar in 2022 nog iets om oor te sing?

- **Studentebehuising vir 2022. Gemeente Stellenbosch** kan veilige behuising op die kerkterrein en op die kampus aan studente verskaf. Dit bestaan uit óf enkelkamers met gedeelde fasiliteite, óf eenmenswoonstelle. Skakel dr Chris le Roux by 079 495 3239 of stuur 'n e-pos na **stellenbosch@nhk.co.za** vir meer inligting.

## Kerklike publikasies

- In die **Maart 2022-uitgawe van *Die Hervormer*** skryf **ds Hannes van der Merwe** oor die 40 nuwe VONKK-liedere wat handel oor die geboorte, lewe, sterwe en opstanding van Jesus Christus, asook sy hemelvaart, sy roeping vir sy kerk in die wêreld, en sy wederkoms. **Dr**


**Wouter van Wyk** vertel wat alles vir die 73ste AKV beplan word. Predikantsvrou **Annelie Hertzog** deel haar passie vir kuns met ons, en **dr Cobus Jansen van Nieuwenhuizen** verduidelik verder wat kreatiewe pastorale ingrype ná trauma behels. Die Kerk se argivaris, **Nándor Sarkady**, vertel meer oor 1922 se Randse mynstaking. Bykomend tot die verspreiding van die gedrukte weergawe van *Die Hervormer*, word die artikels van elke uitgawe **op die Kerk se webblad** geplaas, en 'n **pdf-weergawe** word ook aan predikante en gemeentes gestuur.







## Wêreldbiddag vir Vroue




Die Wêreldbiddag vir Vroue is 'n wêreldwye ekumeniese beweging. Meer as 170 lande en streke neem deel aan die Biddag wat tradisioneel elke eerste Vrydag van Maart aangebied word. Dit val vanjaar op **Vrydag 4 Maart.**

Die tema vir vanjaar se Wêreldbiddag vir Vroue fokus op God se beloftes vir hoop en lig met as teksvers *Ek weet wat Ek vir jou beplan…* uit Jeremia 29.

*Na twee jaar van ontwrigting weens Covid en die donker tye waardeur Suid-Afrika verlede jaar is met die geweld en onrus, stel die teks ons gerus en maak ons opgewonde oor die feit dat God in beheer is en bly,* sê Joa van Aarde van die nasionale kantoor wat die Biddag in Suid-Afrika koördineer.

Die vroue van Engeland, Wallis en Noord-Ierland was verantwoordelik vir vanjaar se tema en program.

*Die tema vir vanjaar kon nie op 'n meer geskikte tyd gekom het nie. God bemoedig ons en spoor ons aan om 'n verskil in ons gemeenskappe en dorpe te maak, en om vrede, versoening en liefde te verkondig. Dit is 'n dag waar ons as Reënboognasie uitreik na mekaar en oor politieke, kultuur- en kerkverskille saamkom om God te aanbid en te eer,* sê Van Aarde.

Die Biddag word vanjaar vir die 92ste keer in Suid-Afrika aangebied.

Besoek Wêreldbiddag vir Vroue, Suid-Afrika se **webtuiste** en Facebookblad vir meer inligting en toegang tot die programme. Joa van Aarde kan by **wwdpsa@gmail.com** of 082 450 9305 gekontak word. **(Ds Janine Bevolo-Manders)**

## ’n Gedig

**Die nuwe saaklikheid**

agter elke man skuil die kind en die pa
wat na bewering
gestoer deur die galsterige liefde hom die
ewige in vergesel,

’n saaklike reis wat begin by
kantgordyne voor die maan in
geruite vlekke op die gesig en
al die sterre deur die venster al

die motorligte wat verbyskyn teen
die uiteindelike donker kom van
’n vlesige wond vir ’n mond. en die reis
eindig in die lui van

klokke wat geboorte en dood
aankondig, die aangehangde figure
’n helder ’n meteense flits
wat deur ’n storm soos verwagte donderweer kom

**Gilbert Gibson**
(Uit: *Kaplyn*, 2007)

## Toerusting




- Die **Sentrum vir Gemeentelike Bediening (SGB)** bied die **IMG-kursus** (Inleiding tot Missionale Gemeentewees) gratis oor ’n periode van ses weke aan. Dit sal via Zoom plaasvind, daagliks van 09:00 tot 11:00, en wel op die volgende datums:

  - Die herontdekking van God se missie: 28 Julie
  - Die herontdekking van missionaliteit in ’n veranderende wêreld: 4 Augustus
  - Die herontdekking van die missionale aard van die gemeente: 11 Augustus
  - Die herontdekking van dissipelskap: 18 Augustus
  - Die herontdekking van missionale spiritualiteit: 25 Augustus

- Die herontdekking van missionale luister in die gemeenskap: 1 September

Join Zoom Meeting
**https://us02web.zoom.us/j/9427689935?pwd=d3d3K1N1cDU0a1plZCtjSS9ZSFY4dz09**
Meeting ID: 942 768 9935
Passcode: SGB

Navrae: Dr Frikkie Labuschagne by **karen@nhk.co.za**.

## Fondsinsamelings

- **Gemeente Eendracht: Skaapkop-oggend**
  **Saterdag 5 Maart 2022**
  Kerksaal om 10:00
  R150 per kop, R120 skaappotjie, R50 per kind (pizza)
  Kaartjies by ds Markus Pretorius 082 395 1754
  Mev Belinda Jordaan 076 626 7571

- **Rata Maatskaplike Dienste**
  ***Drive for a Child*: Gholfdag Mpumalanga**
  **Woensdag 4 Mei**
  Highland Gate Golf and Trout Estate, Dullstroom
  Borge en inskrywings: Annette Lombard 083 231 8943
  **annette@rata.org.za**

- **Rata Maatskaplike Dienste**
  ***Drive for a Child*: Gholfdag Pretoria**
  **Dinsdag 23 Augustus**
  Silver Lakes Country Club
  Borge en inskrywings: Annelle Flanagan 064 437 5997
  **info@rata.org.za**

## Barmhartigheid

- **Athalia Uitreik in Bloemfontein**
  **Verblyf vir en versorging van bejaardes en gestremdes**
  Enkel- en deelkamergeriewe in 'n huislike atmosfeer
  Verblyf met 3 etes ingesluit
  Verblyf sonder versorging R1 700 per maand
  24-uur-versorging onderhandelbaar
  (maksimum R8 000 per maand deelkamer)
  Navrae: 079 826 6363 / 084 023 0315 / 051 522 6089
  **navrae@athalia.co.za**
  **www.athalia.co.za**

- **Ons Tuis Emily Hobhouse** is die ideale tuiste vir persone wat nog selfversorgend is. Tans is daar eenslaapkamereenhede te koop teen R364 348 en R377 472. Dit is in 'n gevestigde, boomryke area met 'n lieflike berguitsig. Kontak mev Hannelie Fourie by 012 325 1857 x216 of **HannelieF@otmt.org**.

- **Machteld Postmus-behuisingskompleks vir bejaardes** in Brooklyn, Pretoria, het 'n **tweeslaapkamer-woonregeenheid** beskikbaar by Frans Boshoff: Dit is Woonstel 3 teen R485 000. Kontak mev Hannelie Fourie by 012 325 1857 x216 vir meer inligting.

- **Louis Trichardt-behuisingskompleks vir bejaardes** in Danville, Pretoria, bied kamergeriewe met drie etes per dag teen R4 435 per maand. Vir meer inligting, kontak mev Vicky Muller by 012 386 5310.

- **Ons Tuis (Andries Marié Oosthuizen) in Parys** het tans plek beskikbaar in die tehuise vir

versorging van verswakte bejaardes teen R9 760 per maand. 'n Volledige versorgingsfasiliteit sluit in 24-uur-versorging, drie maaltye per dag en sekuriteit. Behuisingsfasiliteite teen R5 990 per maand is ook beskikbaar op dieselfde perseel; dit sluit drie etes en weeklikse wasgoed en skoonmaak van kamers in asook gratis deelname aan sosiale programme. Vir meer besonderhede, skakel matrone Teresa Broodryk by 056 811 2185.

- **Seniordal-aftreeoord**
  Seniordal is die eiendom van die NHKA se **Gemeente Pretoria** en spesialiseer in lewensregverkope en verhuring aan selfversorgende persone ouer as 55 jaar. Die oord is geleë in Rietondale, Pretoria, wat bekend is as 'n stil, veilige, boomryke omgewing en 'n voëlparadys. Seniordal beskik oor 24-uur-veiligheidsdienste en toegangsbeheer, en bestaan uit die volgende woonstelle:
  Enkelwoonstel (*Bachelor*): R510 000
  Eenslaapkamer: R515 000
  1½-slaapkamer: R520 000
  Tweeslaapkamer: R560 000
  Navrae: Salomie Stolz 012 329 4318 / 083 308 0520



## Allegaartjie

"Die veldslag, die *battle*, is nooit, nooit verby nie. Jy kan miskien enkele veldslae wen, maar die groot oorlog duur vir altyd. Dit is waar in verhoudings en dit is waar in die geliefdste van die geliefdes vir jouself; met jou vrou, met jou eie kind word dit geveg. Sensitiewe mans belewe dit altyd met hulle pa's soos hulle ouer word. Dit is die groot veldslag vir my." (Gilbert Gibson, in *Volksblad*, 13 Julie 2005)

## Betaalde advertensies in hierdie nuusbrief

**Advertensies waarvan 'n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin 'n gemeente 'n projek prominent wil bekendstel, kan in hierdie nuusbrief geplaas word.** *(Tekskennisgewings van gemeentes is gratis.)* Indien 'n jpg-weergawe van die advertensie voorsien word, **moet dit 15,5 cm breed x 6,5 cm hoog wees, resolusie 1878 x 815 pixels, 150-300 dpi.**

Stuur die voorgestelde **teks van nie meer nie as 75 woorde** met of sonder eenvoudige grafika of 'n foto saam met die bewys van betaling aan mev Tessa Oppermann, per e-pos na **produksie@nhk.co.za**. GEEN advertensie sal geplaas word sonder die betalingsbewys nie.

Die **teks en bewys van betaling** moet mev Oppermann bereik teen 16:00 op die Maandag voor die betrokke uitgawe se verskyning. *Blitspos* word normaalweg die Woensdagoggend afgehandel en teen die middag op die webblad gelaai. Indien die plasing meer as een keer moet geskied, moet aangedui word op watter datums dit moet verskyn, met betaling vooruit vir al die beoogde plasings.

**Die koste is R250 per plasing (BTW ingesluit)**. Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, **verwysing: u naam + Blitspos. Neem kennis dat die redaksie in uitsonderlike gevalle mag besluit om 'n advertensie nie te plaas nie en die adverteerder se geld terug te betaal.**

# Gebed vir Oekraïne

Dit is so moeilik om na die nuus te luister of dit te lees.
Wanneer die nuus te make het met gesigte wat vir ons bekend is
en stemme wat ons ken,
word dit nog moeiliker om dit aan te hoor.
Here God,
ons vra dat U die mense van Oekraïne diep in u hart sal bewaar.
Ons smeek U, beskerm hulle;
teen geweld;
teen politieke slimstreke;
teen misbruik en mishandeling.
Ons bid dat U
die nasies van die wêreld
die moed sal gee
en die wysheid
om op te staan vir geregtigheid,
en ook die moed om dit te waag
om om te gee – mildelik.
Genadige Vader,
bevry ons almal van die geneigdheid
om oor ander te wil heers;
verlos ons van die onhebbelikheid
om ons eie behoeftes en begeertes
ten koste van dié van ander
na te jaag.
Leer ons hoe om in liefde te leef,
en waardig,
en met respek –
na u voorbeeld.
In u Naam en ter wille van U.
Amen.

(Church of Scotland)

(Afrikaanse verwerking: Tessa Oppermann)


Redakteur: Ds Willem Sauer
Subredakteurs: Ds Etienne Fourie en dr Johan van Staden
Koördineerder: Mev Tessa Oppermann
Uitlegkunstenaar: Mnr Hugo van Niekerk